higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 2

(11020252)

8 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NC(V)

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Kilogram word gebruik om materiaal in vloeistofvorm te meet.

1.2 Uitsoek ('Picking') is die proses om voorraad in die toegekende area te plaas.

1.3 'n Pakhuis wat swak bedryf word kan 'n maatskappy baie geld kos.

1.4 Materiaalhantering verwys na die beweging van goedere binne-in die pakhuis.

1.5 Gauteng–Beitbrug is een van die korridors in Suid-Afrika.

1.6 Vragverspreiding verhoog die lewertyd ('lead time').

1.7 Voorkomende onderhoud word uitgevoer om 'n onderdeel te herstel nadat dit onklaar geraak het.

1.8 Totale koste is die som van die vaste koste en die veranderlike koste.

1.9 Reklame ('Advertising ') is 'n inkomste-item.

1.10 Die verkrygingsdepartment ('procurement department') hanteer die aankoop van goedere.

(10 × 1) **[10]**

NCV

VRAAG 2

Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Verwydering en vernietiging van afvalmateriaal, oorskietmateriaal, ensovoorts	A	veranderlike koste
		B	bruto wins
2.2	Goedere kom by die pakhuis aan en word daar afgelaai	C	inspeksie
2.3	Dit bevat of berg goedere	D	verkryging
2.4	Koste wat wissel volgens die getal produkte wat geproduseer word	E	vaste koste
		F	ontvangs
2.5	Verkope minus koste van goedere wat verkoop is	G	aanbodketting
2.6	Dokumente wat tydens die verspreidingsproses gebruik word	H	wegdoening van afval
		I	inspeksie
2.7	Kontrole om te kyk of die goedere wat in ontvangs geneem word in die verlangde toestand is	J	verpakking
		K	herwinning ('salvage')
2.8	Die aanskaffing van goedere wat noodsaaklik is om die onderneming te bedryf	L	spoorvervoer
2.9	Dit word minder beïnvloed deur swak weerstoestande.	M	ritdokument ('trip sheet')
2.10	'n Reeks gebeurtenisse wat met grondstowwe begin en by die klant eindig.		

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: [20]

NCV

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die volgende terme:

3.1.1 Logistiek

3.1.2 Voorraad

3.1.3 Vervoer

3.1.4 Koste

(4 × 2) (8)

3.2 Noem VIER van die agt loopbaanpaaie ('career pathways') wat in logistiek bestaan. (4 × 1) (4)

3.3 Noem en beskryf DRIE maniere van vervoer. (3 × 3) (9)

[21]

VRAAG 4

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

WDS BREI SY PAKHUIS- EN VERSPREIDINGSFASILITEIT IN SAVANNAH UIT

World Distribution Services (WDS), in reaksie op die groeiende gebruik van pakhuise in Savannah, het die hervestiging en uitbreiding van sy pakhuis- en verspreidingsfasiliteit in die Suidoostelike streek aangekondig. Die nuutgeboude klas A-fasiliteit van 150 000 vierkante voet is voor die bepaalde tyd klaar, en die openingsdatum is vasgestel vir 1 Junie 2017.

'Die ruimte in die mark bly beperk, en dis nou vir ons 'n goeie tyd om hierdie nuwe fasiliteit bekend te stel', sê Dale Young, Direkteur van pakhuisberging ('warehousing') en verspreiding vir WDS.

'Dit is vir ons 'n uitstekende geleentheid om aan ons klante die ruimte te bied wat hulle nodig het vir hulle groeiende ondernemings in die streek', het Young verduidelik. GA is die 2de grootste eindpunthawe ('port terminal') aan die Ooskus en 'n logistieke middelpunt vir sowel invoerders as uitvoerders. Die nuwe pakhuis is 'n myl van die hawe geleë. Die feit dat die pakhuis so naby aan die hawe van Savannah is, voeg verdere waarde by hulle dienste.

[Bron: *http://www.ajot.com/news*]

4.1 Verduidelik kortliks die term *pakhuisberging* ('warehousing'). (2)

4.2 Noem TWEE faktore wat WDS in ag moet neem wanneer hulle 'n pakhuisperseel kies. (2 × 1) (2)

4.3 Identifiseer DRIE dokumente wat WDS tydens die ontvangsproses ('receiving process') sal gebruik. (3 × 1) (3)

4.4 Noem VYF van Suid-Afrika se agt kommersiële seehawes. (5 × 1) (5)

4.5 Beskryf die volgende pakhuisprosesse kortliks:

4.5.1 Saamklassering ('Binning')

4.5.2 Inspeksie

4.5.3 Ontvangs

4.5.4 Saamstelling ('Kitting')

(4 × 2) (8)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem en verduidelik DRIE soorte verpakkings. (3 × 3) (9)

5.2 Dui TWEE funksies van verpakking aan. (2 × 2) (4)

5.3 Die meeste pakhuise berg en versprei voorraad wêreldwyd.

5.3.1 Verduidelik die verskil tussen *inventaris* ('inventory') en *voorraad* ('stock'). (2 × 2) (4)

5.3.2 Noem TWEE eenhede wat gebruik word om goedere te meet.
(2 × 1) (2)
[19]

VRAAG 6

6.1 Teken die volgende diagram oor, en dui met 'n X aan watter items vaste koste is, en watter items veranderlike koste.

ITEM	VERANDERLIKE KOSTE	VASTE KOSTE
Versekering		
Huur betaal		
Telefoon		
Salarisse		
Brandstof		

(5 × 1) (5)

6.2 Ontleed die INKOMSTESTAAT hier onder en beantwoord die vrae. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (6.2.1–6.2.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

INKOMSTESTAAT VAN ALPHA LOGISTICS VIR DIE JAAR EINDIGENDE 31 DESEMBER 2016

Verkope		1 000 000
Koste van verkope		400 000
Bruto wins		**6.2.1**
Ander bedryfsinkomste		50 000
Bruto bedryfsinkomste		**6.2.2**
Bedryfsonkoste		320 000
Versekering	30 000	
Telefoon	44 000	
Brandstof	96 000	
Mannekragkoste	150 000	
Netto wins		**6.2.3**

Bereken die volgende:

6.2.1 Bruto wins

6.2.2 Bruto bedryfsinkomste

6.2.3 Netto wins

(3 × 2) (6)

6.3 Wat is die persentasie van die brandstofkoste in verhouding tot die totale uitgawes? Toon ALLE berekeninge. (4)

6.4 Noem VYF moontlike departemente wat in 'n vraglogistiekmaatskappy aangetref word. (5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou